ids

# Hoe kultes menseregte sien en vorm – ’n kritiese beoordeling

H.G. Stoker
PRETORIA
E-pos: stoker@mweb.co.za

**Abstract**

**How cults regard and form human *rights* – a critical evaluation**

*Since a cult is regarded as a very closed group whose members seemingly voluntarily subject themselves to the authority and rules of the group, and since human rights usually include freedom of religion, the issue of the upholding of human rights within such religious groups has not really been given proper thought. This article argues that this aspect should be rectified, especially in the light of injustices suffered by people within cults. The reasons why cult members allow leaders to deprive them of their rights are also explored and evaluated. The conclusion arrived at is that rightful attention should be given to the disregard of the rights and responsibilities of people caught up in cults.*

## 1. Inleiding

Die woord *kulte* (deur sommige mense *kultus* genoem[1]) het die afgelope jare meer bekend geword (Tucker, 1989:15). Vroeër is na enige groep wat van die gewone Christelike kerke afgesplinter het as *sekte* verwys. Dit het egter al hoe noodsaakliker geword dat in die Christelike godsdienswetenskap onderskei word tussen sektes en kultes (Stoker, 1995:3). Eersgenoemde benaming (sektes) dui dan groepe aan wat afgesplinter het van die hoofstroom Christelike kerke, maar wat nog in kernleerstellings en -gebruike daarmee ooreenstem. Laasgenoemde benaming (kultes) is wel ook splintergroepe, maar hulle word van eersgenoemde onderskei, onder andere daarin dat hulle hulle siening as die enigste weg tot saligheid of hulleself as in ’n besonderse posisie voor God in die lewe hierna beskou. Hierdie siening veroorsaak ’n besondere houvas van kulteleiers op kultelede.

---

1 Die skrywer verkies die woord *kulte* bo *kultus*, omdat *kultus* na enige kerklike groep se erediens, verering of rites kan verwys. Meer skrywers gebruik die woord *kulte* (vgl. hieroor Stoker, 1995:8).

'n Godsdienstige kulte kan gedefinieer word as 'n godsdienstige groep wat daarop uit is om sowel die aardse as die ewige lewe van sy lede te beheer. 'n Kulte probeer spesifiek om beheer uit te oefen deur die manipulering van lede se gedrag, denke, emosies of gevoelens, inligting en omgewing, taal, norme, geskiedenis, siening van God, verlossing, Skrifinterpretasie, leerstellings en lidmaatskap (Stoker, 1998:1). Die vraag is nou of hierdie beheer die regte en verantwoordelikheid van die mens soos dit deur God aan hom gegee is, in gedrang bring.

Kruger (1999:12) wys daarop dat "menseregte" 'n begrip is wat ontwikkel het om onderdane te beskerm teen magsmisbruik deur die staatsowerheid. Handveste vir menseregte wat sodoende ontstaan het, het mettertyd ook aandag begin gee aan die interpersoonlike regsverhoudings tussen individue.

Die begrip *menseregte* beskryf vandag nie net die regsverhouding tussen maghebber en onderdaan nie, maar ook die ander regte van mense onderling en binne ander samelewingskringe. Dit beteken dat die handhawing van menseregte in enige samelewingsverband getoets kan word – ook in kultes.

In hierdie~~ eerste~~ artikel oor kultes en menseregte word die manier waarop kultes die *regte* van die mens sien en hoe hulle by hulle sienings uitkom geëvalueer. In ~~Die~~'n ~~t~~opvolgartikel sal gepoog word om meer te konsentreer ~~meer ~~op die wyse waarop kultes die *mens* sien (sy status en roeping) en watter gevolg dit op menseregte by die kultes het.

Formatted

Die doel van hierdie artikels is nie om 'n nuwe definisie of uiteensetting van 'n Christelike siening van menseregte te gee nie, maar om kultes in die algemeen te meet aan 'n Calvinistiese menseregtebeskouing. Vir dié doel word veral gebruik gemaak van die uiteensetting van "die aard en rol van die reg" en van "menseregte" soos dit omskryf is deur prof. H.G. Stoker in sy ere-professorale lesing aan die Randse Afrikaanse Universiteit in 1970. Soos nodig, word ook van die insigte en navorsing van ander wetenskaplikes oor die onderwerp gebruik gemaak.

## 2~~1~~. ~~WAAROM DIE STUDIE~~Waarom die artikel?

Aangesien 'n kulte 'n baie geslote groep is en dit skyn asof die lede hulle vrywilliglik onder die gesag en reëls van hulle groep stel, en menseregte gewoonlik godsdiensvryheid insluit, is die vraag na die handhawing van menseregte binne sodanige godsdiensgroepe nog nie werklik deurdink nie. Tog is dit belangrik dat dit sal gebeur, aangesien baie dinge wat binne kultes gebeur en gebeur het (soos uit die artikel sal blyk), in ander samelewingskringe as growwe menseregteskendings getipeer sou word.

’n Totalitaristiese staat word sonder skroom en wêreldwyd deur voorstanders van menseregte afgewys. Selfs al hou die staat nie ’n bedreiging vir mense daarbuite in nie, word sulke regerings aangespreek oor hoe hulle hulle eie burgers hanteer. Dieselfde gebeur egter nie met ’n totalitaristiese godsdienstige splintergroep wat op die oog af nie ’n bedreiging na buite inhou nie. Dit is waarskynlik so omdat min mense besef watter gevaarlike en mensverontregtende dinge binne sulke groepe plaasvind.

Wanneer sommige van die verskriklike dinge wat in kultes gebeur, bekend word – soos die massaselfmoord van Jim Jones se People’s Temple – word wel daaroor vrae gevra. Meestal bly dit egter net by vrae en word moontlike optrede deur besorgdes selfs deur die reg gekeer, juis op die menseregtelike gronde dat die lede (op die oog) af vrywillig tot die groep behoort en sonder dwang deel daarvan bly. Die skrywer is bewus van ’n paar voorbeelde waar ouers ernstig bekommerd is oor dit waaraan hulle kinders binne sulke groepe blootgestel word, maar regtens belet word om op te tree. Die emosionele en ander druk om teen jou sin deel van die groep te bly en voor te gee dat jy gelukkig is, asook die ander metodes van manipulasie wat kulteleiers gebruik, word op dié manier nie verdiskonteer nie.

Dit is dus van die grootste belang dat op kultes se siening van die reg en menseregte ingegaan word, omdat die leiers van hierdie groepe ’n sterk beheer oor die totale lewe van hulle lede het. Ons kan tog nie mense wat op grond van valse feite of dreigemente en vrees maar inval by dit waartoe ander mense hulle dwing, bloot beskou as mense wat ’n vrye keuse gemaak het en dit as vrye assosiasie en ’n voldoening aan basiese menseregte sien nie.

## 3~~2~~. Ontiese en positiewe reg~~NTIESE EN POSITIEWE REG~~

Formatted

Om kultes se siening van reg en menseregte te kan beoordeel, is dit in die eerste plek belangrik om in te gaan op die status en gepaardgaande invloed wat kultes aan hulle selfgevormde reg toeken.

Reg, regte en geregtigheid is nie iets wat deur mense uitgedink is nie. Dit is iets wat God deel van ons menswees gemaak het en onder leiding van sy Woord reg verstaan kan word. ’n Mens kan byvoorbeeld selfs van ’n klein kindjie wat weier dat ’n ander kind sy speelding vat, sê dat hy op sy regte staan. Hierdie basiese reg beskryf Stoker (1970:10) as “ontiese reg”: “Ons noem dit ontiese reg, omdat dit met die syn of bestaan van die mens gegee is”.

"Positiewe reg" vloei voort uit die ontiese reg. Dit is die reg soos dit deur die mens gepositiveer of uiteengesit is in geskrewe wette of ongeskrewe gebruike. Ter wille van 'n goeie samelewing word verwag dat mense by hierdie reëls sal hou.

Stoker (1970:9) wys daarop dat mense die positiewe reg dikwels nie goed (op die juiste wyse) vorm nie; of selfs skynreg ("onreg" in die gedaante van "reg") vorm. Reg wat nie goed gevorm word nie, kan aan die onvolmaaktheid van die mens toegeskryf word. Onreg wat in die gedaante van reg voorgestel word, moet op grond van die Woord van God as sonde en kwaad beskryf word. Albei hierdie gevalle stel mense voor 'n keuse om óf die gepositiveerde (deur die mens gevormde) reg as rég te beskou, óf 'n diepere (ontiese) reg te aanvaar wat die reg is soos God dit bedoel het om te wees. Die probleem is dat die gepositiveerde reg nie die ontiese reg ten volle kan bevat nie en selfs kan weerspreek – met 'n moontlike gevolg dat mense wat vasgevang in kultes is, nie gehelp kan word om weer as vrye, verantwoordelike mense te kan leef en dinge te kan beoordeel nie.

Dit is duidelik dat die Here nie van ons verwag om bloot in te val by die reg wat mense gevorm het nie, maar om dit telkens te meet aan die ontiese reg, anders kan die ware reg deur die skynreg verydel word. So kan selfs onreg in die naam van reg en geregtigheid – en juis ook in die naam van menseregte – gepleeg word. Dit kan gebeur waar daar 'n totalitêre leier of leiersgroep is (soos by kultes die geval is), of waar die manipuleerbare gevoel van die meerderheid noodwendig die deurslag gee (soos Jordaan, 1999:5 meen dit in die laaste tyd met Suid-Afrika se menseregtebepalings gaan).

'n Kernprobleem van iemand wat aan 'n kulte behoort, is dat hierdie reg om die gepositiveerde reg aan die ontiese reg te meet hom ontneem word.

Een van die grootste en bekendste groepe onder die kultes is die Jehovah-getuies. Lede van dié organisasie word verbied om die organisasie se uiteensetting van wat reg en wat verkeerd is te evalueer. In hulle blad *Die Wagtoring* (WTBTS, 1983:22), word Jehovah-getuies onder die opskrif "Avoid independent thinking" gewaarsku dat enige selfstandige denke van die duiwel is. Lede moet teen "Satan en sy demone" veg deur nie toe te laat dat hulle self enigiets bevraagteken van wat "God se sigbare organisasie" (dit wil sê hulle organisasie by monde van hulle leiers) hulle leer nie.

In 'n ouer uitgawe van *Die Wagtoring* (WTBTS, 1952:79-80) word Jehovah-getuies in 'n uitvoerige bespreking gewaarsku teen die kritiese

beoordeling van wat in hulle geskrifte staan. Hulle word selfs gedreig dat dieselfde met hulle sal gebeur as met Korag, Agan, Saul en Ussa as hulle nie gedweë inval by God se teokratiese organisasie en sy leringe en opdragte nie. Hulle word dan daarop gewys dat geen eie opinies of denke van 'n diensknеg geduld kan word nie, want hoe kan hulle hulle ooit aanmatig dat hulle meer as Jehovah en sy organisasie weet: "Theocratic ones will appreciate the Lord's visible organization and not be so foolish as to pit against Jehovah's channel their own human reasoning and sentiment and personal feelings" (WTBTS, 1952:80).

Dit is dus duidelik dat die leiers van die groep hulle gepositiveerde norme deurgee as ontiese norme deur God self gegee, om sodoende alle teenstand daarteen te keer. Dit wat hulle self uitdink, word as Woord van God deurgegee. In hulle boek *Qualified to be ministers* (WTBTS, 1967:156) word Jehovah-getuies geleer dat iemand wat lief is vir God en sy organisasie nooit agterdogtig sal wees oor enigiets wat die organisasie sê nie, want as die Bybel sê "glo alle dinge", beteken dit jy moet "al die dinge wat *Die Wagtoring* voortbring", glo.

Die idee dat wat die leier sê eintlik direk van God kom (ontiese reg is) en dus geen teenkanting of bevraagtekening duld nie, is tipies van al die kultes. Volgens die bekende Amerikaanse kulte-navorser Steve Hassan (1988:61-63), maak kultes gebruik van 'n "thought-stopping technique" waarmee lede kritiese gedagtes wat in hulle mag opkom ten opsigte van dit wat hulle organisasie hulle beveel, moet weer. Lede se geloof in hulle organisasie moet so groot wees dat hulle alle inkomende en selfs teenstrydige inligting waarmee hulle te doen kry, deur die bril van die organisasie se siening moet kleur, blokkeer of uitfiltreer.

Deur lede hulle kritiese evaluering van menslik gepositiveerde reg te ontneem, word hierdie mense uitgelewer aan die willekeur van kulteleiers. So getuig 'n jong meisie (Botha, 1997) wat Lester Bloomberg uit Suid-Afrika na Switserland gevolg het, hoe sy en ander lede van die groep in verskriklike omstandighede op sypaadjies musiek moes maak om geld vir die kulteleier te verdien. Sy moes ook sonder enige geld of rugsteun vanaf Switserland na Libanon en uiteindelik na Israel ryloop en self oorleef om Bloomberg en sy leerstellings dat die einde naby is en almal alles moet los en hom moet volg, aan mense in dié lande te verkondig.

'n Hoërskoolseun van Potchefstroom (Anon., 1993) het op aandrang van die sogenaamde profeet van Barkley-Oos die skool verlaat. Terwyl sy ouers nie geweet het waar hy hom bevind nie, het hy aan die Oos-Rand as werktuigkundige gewerk met die doel om vir die profeet geld te verdien. Die profeet moes glo die geld hê om voorrade aan te koop vir

die groep om te oorleef wanneer die einde van die wêreld die volgende jaar sou aanbreek. Volgens hom sou al veilige plek dan by hom in die berge van Barkley-Oos wees.

Daar is nog talle soortgelyke voorbeelde van die wyse waarop kultes in Suid-Afrika en oorsee hulle self-gepositiveerde reg as ontiese reg voorhou, met verskriklike gevolge soos die dood of die inboet van vryheid en lewenskwaliteit van die lede (Stoker, 1995:13-14). Martin (1993:124-125) wys daarop dat sommige kultes dinge soos moord, seksuele losbandigheid, diefstal en leuens nie meer as sonde beskou nie, maar as noodsaaklike metodes vir die groep om hulle doel te bereik.

Volgens Vorster (1999:21) leer die geskiedenis ons dat niks so gevaarlik is soos godsdienstige fanatisisme nie. Die probleem by kultes is dat, soos Stoker (1970:9) dit stel, “onreg” in die gedaante van “reg” aan mense voorgehou word.

## 4~~3~~. Die vaste en die dinamiese~~IE VASTE EN DIE DINAMIESE~~

Wat verder belangrik is wanneer gekyk word na mense se siening van regte en menseregte, is om in gedagte te hou dat daar sowel ’n vaste as ’n dinamiese kant in die reg is. Dit wat reg is, bly volgens Stoker (1970:12) reg, maar die uitwerking daarvan in konkrete situasies en in die lewe van konkrete persone verander voortdurend. Die mate waarin mense byvoorbeeld self verantwoordelikheid vir hulle lewe kan en moet neem, word begrens deur die spesifieke mens se ouderdom (kind, volwassene, hoogs bejaarde) en omstandighede (groot emosionele krisis, siekte, oorlogsomgewing, ensovoorts). Net so word iemand se reg om te trou beïnvloed deur sy ouderdom, huwelikstatus, huweliksmaat en ’n verskeidenheid ander persoonlike omstandighede.

Die dinamiese kant van die reg word dikwels deur die kultes misgekyk. Stoker (1995:31-32) wys daarop dat die hele wêreld en alle morele kwessies volgens die belange en siening van die spesifieke kulte in swart/wit kategorieë verdeel word. Aangesien die leiers voorgee om met Goddelike gesag op te tree, het hulle in die oë van hulle lede die mag om vaste verklarings te maak oor wat reg en wat verkeerd is – vaste verklarings wat absolute gehoorsaamheid van die lede vereis. Dit kan selfs geldinsamelingsmetodes insluit wat andersins as “onreg” beskou sou word, soos die handel in dwelms in opdrag van Rasjneesh of prostitusie by lede van die Children of God (Martin, 1980:143-201).

Tog maak kulteleiers ook – en wel op ’n onregmatige manier – wanneer dit hulle pas, van ’n sogenaamde dinamiese kant van die reg gebruik. Teenoor die herhaalde verbod op egskeiding en hoerery in die Woord

van God, beweer Eugen Hoy van Sionshoogte by Volksrust (SAUK, 1994) dat die Here hom telkens die opdrag gee om van sy vrou te skei en met 'n volgende vrou te trou. Sowel die vorige vrou as die nuwe vrou en haar man moet dan inval by dit wat hierdie sogenaamde profeet van God sê, en bly glo dat hulle hier met 'n voortgaande openbaring van God te doen het. Dit herinner sterk aan kulteleiers soos David Koresh wat met verskillende vroulike lede seksueel verkeer het, sogenaamd in opdrag van God (Klompeen, 1993:12-14).

Dit is duidelik dat 'n verkeerde siening van die vaste en die dinamiese kant van die reg deur kultes die kulteleiers die geleentheid bied om growwe onreg te pleeg in die naam van wat reg is. Op dié wyse word nie gevra na die wil van God nie, maar gebruik mense die mag wat hulle oor andere het tot hulle eie voordeel, terwyl hulle die onreg in dit wat reg is, probeer versteek. Daarteenoor moet ons, sowel in die vaste kant van die reg as in die dinamiese toepassing daarvan, steeds buig voor wat God ons leer oor wat reg is deur na sake deur die bril van sy Woord te kyk. Albei kante van die reg staan tog onder God en sy bestiering. Stoker (1970:12) stel dit só dat terwyl "die vaste ontiese reg sy oorsprong in die skeppingswil van God vind, d.w.s. met die skepping van die mens gegee is, staan die ontiese reg onder die leiding en bestiering van God".

Die wyse waarop die vaste en dinamiese kant van die reg in die hande van die kulteleiers 'n speelbal ten koste van die mens en sy basiese regte word, word duidelik geïllustreer deur die Jehovah-getuies se veranderde siening ten opsigte van inenting. In die groep se amptelike publikasie *The Golden Age* (WTBTS, 1931:293) word die lede verbied om inenting te ondergaan. Dit word nie net as onskriftuurlik afgemaak nie; daar word ook gesê dat die verbod op inenting vir ewig vas staan, deurdat gesê word dat "inenting 'n direkte oortreding is van die ewige verbond wat God met Noag na die vloed gesluit het". Verder word die volgende ongegronde mediese rede kategories gestel as vasstaande feit: "inenting het nog nooit 'n mens se lewe gered nie. Dit verhoed nie pokkies nie".

Presies die teenoorgestelde mening word 'n klompie jare later in die Jehovah-getuie-organisasie se blad, *Ontwaak!* (WTBTS, 1965:20) gegee. Teenoor die sogenaamde ewige verordening van God teen inenting wat lede van die groep moes gehoorsaam al sou dit hulle dood beteken, word Jehovah-getuies nou selfs aangemoedig om inenting te ondergaan. Daar word statistieke gegee van hoeveel gevalle van pokkies daar van 1920 tot 1930 in die VSA was, en hoe dit daarna drasties afgeneem het as gevolg van inenting. Die sukses van inenting het dus die kulteleiers van standpunt laat verander. Vir baie jare moes lede van die organisasie

egter ly as gevolg van ’n valse gepositiveerde wet van die mens wat as ’n vasstaande en ewige ontiese wet van God voorgehou is.

Dit help ook nie dat ’n mens voorgee dat hier nie ’n skending van menseregte plaasvind omdat die betrokkenes klaarblyklik vrywillig aan die groep behoort nie. Die klaarblyklike samewerking van mense aan onreg wat teenoor hulle gepleeg word, hef tog nie die feit van die onreg op nie. Buitendien is kultelede verplig om enige onreg van die kant van hulle leiers te verduur, omdat geglo word dat ewige verlossing of ’n spesifieke posisie voor God slegs deur die bemiddeling van die leiers moontlik is. Hulle verduur die onreg omdat hulle onder die indruk gebring is dat wat aan hulle gedoen word, vir hulle beswil is. Dit kom duidelik na vore in ’n studie wat die Duitse regering oor die Sciëntologie-beweging laat doen het (Nolte, 1996).

H. Covington, ’n amptelike woordvoerder van die Jehovah-getuie-leiers in ’n hofsaak in Skotland gedurende 1954 (Skotland, 1958 [1954]:347-348), sê dat dit vir hulle groep belangriker is om eenders te dink as om die waarheid te hê. Die organisasie het vir amper die helfte van sy bestaan as absolute waarheid van God verkondig dat die wederkoms van die Here in 1874 plaasgevind het. Hierdie datum is later gewysig na 1914 – met dieselfde aanspraak dat dit God se datum is (vgl. Stoker, 1995:194-197). Op ’n vraag tydens die hofsaak of die leerstelling dat Christus se wederkoms in 1874 plaasgevind het deur hulle lede geglo moes word al was dit vals, antwoord Covington: “Yes, because you must understand we must have unity”. Op die vraag of dit eenheid ten alle koste is, antwoord hy bevestigend: “Unity at all costs”. Hy antwoord daarna ook positief op die vraag: “And unity based upon an enforced acceptance of false prophecy?” deur te sê “That is conceded to be true”. As iemand nie die leer (wat later as vals erken is) van die organisasie wou aanvaar nie, sou hy uitgeskop word en dus volgens die leerstellings van die organisasie vir ewig verlore gaan: “And the person who expressed his view, as you say, that is wrong, and is disfellowshipped ... would be worthy of death?” En Covington se antwoord: “I will answer yes, unhesitatingly”.

Hieruit is dit duidelik dat gepositiveerde norme deur kultes beskou word as absoluut vas en bindend – asof van God self – terwyl latere selfs teenstrydige veranderinge dan as net so vas en bindend gesien word. So mag ’n mens egter nie met die Godgegewe ontiese reg omgaan en mense se lewens (en ewige lewe) daardeur ten koste van hulleself - ~~selfs in die dood in -~~ manipuleer nie. Die verdraaiing van die reg en dit boonop in die Naam van God is vir die Here ’n gruwel. Dit kan nie goedskiks deur ons op grond van menseregtebeginsels aanvaar word

nie, omdat dit juis in stryd is met die basiese beginsels van menseregte wat die mens wil vrymaak van tirannie en slawerny.

## 54. 'n Verskeurde skeppingsordeN VERSKEURDE SKEPPINGSORDE

In Genesis 1 lees ons telkens dat God die wêreld goed, ja baie goed, geskape het. Met die sondeval van die mens is die skepping nie vernietig nie, maar het deformasie, stryd en verskeurdheid deel van die skepping geword. Die verskeurde skeppingsorde het 'n bedeling gebring waarin 'n stryd woed tussen reg en onreg en tussen reg en skynreg.

Stoker (1970:11-12) beklemtoon dat met 'n ondersoek en beoordeling van dit wat reg is, by die oorspronklike skeppingsorde begin moet word (soos iets bedoel is om te wees), waarna eers gekyk kan word hoe die reg en menseregte in 'n verskeurde wêreld daar moet uitsien:

> As ons die orde van die skepping prinsipieel normaal en die orde van verskeurdheid prinsipieel abnormaal noem, dan lê dit tog voor die hand dat die abnormale as afwyking van die normale beskou moet word en dat ons nié vanuit die abnormale die normale (ten volle) kan vind en reg kan verstaan nie.

Deur met die orde van verskeurdheid te begin verval 'n mens in valse probleemstellings.

Dit is dan juis ook die geval by kultes. Om lede en moontlike lede onder hulle beheer te kry en te laat inval by opdragte en beperkinge wat normaalweg as in stryd met basiese menseregte beskou sou word, word juis van die abnormale af uitgegaan. Aan die lede of die moontlike lede word 'n verwronge prentjie voorgehou van wat werklik aangaan. Lidmaatskap van en gehoorsaamheid aan die kulte word dan as die enigste antwoord op hierdie verwronge werklikheid voorgehou.

Talle voorbeelde hiervan kan gegee word. 'n Aantal jare gelede was daar heelwat berigte oor 'n klompie senior hoërskoolleerlinge van Pretoria wat na afloop van 'n naweekkamp, aangebied deur die Jesus Christus Ambassadeurs, nie wou teruggaan na hulle huise toe om hulle matriejaar te voltooi nie (Swanepoel, 1991:80). Hulle is klaarblyklik deur die groep oortuig dat die einde van die wêreld voor hande is en dat hulle enigste sekuriteit daarin lê om by die groep te bly. Die abnormale omstandighede van 'n kamp met eensydige en gekleurde inligting het dus bygedra om die leerlinge tot 'n abnormale besluit te laat kom om hulle toekoms te verruil vir 'n lewe van diens aan die kulteleiers.

Op die vraag wat mense vatbaar maak vir 'n kulte, antwoord Hassan (1988:77) dat die meeste kultelede gewerf word in 'n tyd van ongewone persoonlike spanning, byvoorbeeld wanneer 'n belangrike verandering in hulle lewens plaasvind. Abnormale omstandighede het 'n groot invloed op denke wat opsies andersins normaal sou kon oorweeg. Dit wys op die belangrikheid van Stoker se stelling dat gewaak moet word om nie by die beoordeling van sake die abnormale as vertrekpunt te neem nie.

Navorsing wat Martin (1993:42-44) gedoen het, bring hom by die gevolgtrekking dat mense meer vatbaar is vir die invloed van kultes in die tydperk direk na 'n groot krisis in hulle lewens. Sulke krisisse sluit situasies soos die volgende in: die afsterwe van 'n geliefde, die verbreking van 'n huwelik of 'n verhouding, as iemand sy werk verloor of sukkel om werk te kry, kinders wat druip of swak vaar op skool of wie se ouers baie afwesig is, in 'n oorgangstyd byvoorbeeld van hoërskool na kollege, en na gebeure soos verkragting, inbraak of ander vorme van geweld.

Dit is duidelik dat onsekerheid en vrees mense beïnvloed om deel van 'n kulte te word en te bly. Hierdie feit moet in ag geneem word wanneer regtens geoordeel word oor optrede in die belang van mense wat vasgevang is in 'n kulte. Ter wille van die gewaande sekuriteit wat die kulte sou bied, is kultelede bereid om dit waarop hulle as mense geregtig is, naamlik hulle lewenskwaliteit, asook die roeping waarvoor God hulle met hulle spesifieke gawes op aarde geplaas het, te versaak. Die vrees vir die oordeelsdag wat sogenaamd voor hande is en waar die kulte die enigste wyse sou bied om dit met veiligheid tegemoet te gaan, is 'n voorbeeld hiervan. Nelmapius (1993:18-21) beskryf byvoorbeeld dat dit juis die manier is waarop die Mission Church van Lester Bloomberg sy lede werf.

Vrees speel 'n belangrike rol in die beheer wat kultes oor hulle lede uitoefen (Stoker, 1995:17) en moet verdiskonteer word in die beoordeling van die sogenaamd vrywillige deelwees van 'n mensverontregtende kulte. Kulte-literatuur en praatjies van kulteleiers is gewoonlik deurspek met verwysings na die naderende onheil wat oor die mensdom kom. Natuurlik word verkondig dat al wat 'n mens van hierdie onheil kan red die organisasie is waaraan jy behoort. In ruil vir hierdie redding moet die kultelid baie inboet – selfs sy lewe (soos die lede van Jim Jones se People's Temple in 1978 in die VSA; of die lede van die Orde van die Son Tempel in die middel-negentigerjare in Switserland en Kanada).

Die Jehovah-getuies se literatuur gee 'n goeie voorbeeld van hoe 'n kulte die vrees vir die eindtyd gebruik om mense sover te kry om in te val by enige opdrag wat die kulteleiers gee. Soos 'n refrein klink dit deur die

Jehovah-getuies se geskiedenis dat die einde hier is of dat die groot verdrukking binnekort gaan aanbreek (vgl. Stoker, 1995:188-212). Daar word herhaaldelik gewaarsku dat ’n mens ’n Jehovah-getuie sal moet wees en sal moet inval by dit wat die leiers sê om hierdie verskrikking te oorleef. So verklaar die leiers van hierdie kulte op die laaste bladsy van hulle “Bybelstudie”-boek *Jy kan vir ewig in die paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:255) dat net een organisasie, naamlik die Jehovah-getuie-organisasie, “die vinnig naderende groot verdrukking [sal] oorlewe. ... Jy moet deel van Jehovah se organisasie wees en God se wil doen om die ewige lewe te ontvang”. Onder “God se wil” word dan verstaan dit wat die leiers aan die volgelinge verkondig.

Lifton (1961:434) wys daarop dat die vrees om sonder betekenis (’n niks) te wees, lede van groepe soos kultes oortuig dat ’n betekenisvolle lewe alleen moontlik is binne die organisasie waaraan hulle behoort. Hierdie vrees word sigbaar wanneer ’n mens aan lede bewys dat hulle organisasie beslis nie “Goddelike gesag” (of ontiese normering) het nie, maar vol leuens en dwaalleer is. Die skrywer het self ondervind dat dan gevra word “waarheen anders kan ’n mens gaan?” Dit is dus duidelik dat kultelede so vasgevang is in die abnormale dat hulle dit as normaal en as die enigste uitweg sien.

Die skending van menseregte deur kulteleiers is tot op hede nie regtig in so ’n ernstige lig beskou nie, aangesien dit lyk asof lede graag by die groepe wil wees en godsdiensvryheid en die vryheid van assosiasie so hoog aangeslaan word in menseregte-aktes. Die probleem is dat die rede waarom mense deel is van groepe waar hulle op verskillende maniere uitgebuit word, nie raakgesien word nie. Hassan (1988:44-46) wys daarop dat kultes by hulle lede fobies skep om hulle hulle vryheid te ontneem. Deur voortdurend aan hulle voor te hou hoe gevaarlik dit sou wees vir hulle lewe hier en juis ook vir hulle lewe hierna as hulle die groep sou verlaat, word ’n abnormale vrees in lede gekweek om ooit teen dit wat die leiers sê, in te gaan – al kos dit hulle wat. ’n Hartseer voorbeeld hiervan ’n paar jaar gelede is die Heaven Gate-groep in die VSA wat hulle eers in opdrag van hulle leier Marshall Applewhite laat kastreer het en later almal saam selfmoord gepleeg het, omdat dit volgens hulle leier al manier was om van hierdie verdoemde aarde te ontsnap. Weereens kan ’n mens sien hoe abnormale manipulasie en vrees gebruik is om mense tot verkeerde optrede te bring.

Deur vrees as emosie te gebruik, verkry en verstewig kultes hulle beheer oor hulle lede en as gevolg van vrees onderwerp kultelede hulle “vrywillig” aan dit wat hulle leiers van hulle vereis. Die lede verloor hulle reg op eie besluite, omdat dit wat die organisasie bied, die enigste manier is waarop oorleef kan word. Buitendien word aan hulle voorgehou

dat daar geen ander manier is waarop hulle geestelik, intellektueel of emosioneel kan groei nie. So word mense hulle vryheid ontneem en word hulle niks anders nie as slawe van hulle organisasie (Stoker, 1995:18). Die abnormale word die normale. Van basiese menseregte is daar geen sprake nie.

Die belangrikheid van die gevoel van sekuriteit wat die kultes aan hulle lede bied, moet nie onderskat word nie. In ’n positivistiese samelewing waar elkeen self moet besluit wat vir hom goed en reg is, is baie mense op soek na ’n vaste normsisteem vir die lewe. Omdat baie mense maklik uitbuitbaar is, is daar vandag juis soveel beklemtoning van die belang van menseregte-aktes. Die soort sekerheid en sekuriteit (al is dit vals) wat kultes aan hulle lede bied, vervul juis mense se behoefte aan vaste riglyne.

Baie mense verlaat die kultes waaraan hulle behoort het later in die besef dat ook daar geen ware sekuriteit gevind kan word nie. Ware sekuriteit en sekerheid, ware begronding van dit wat reg en goed en behoorlik is, is alleen te vind by God soos Hy dit vir ons in sy Woord in die regte perspektief laat sien (ontiese reg) en nie by kulteleiers se kultaries verdraaide weergawe en valse gepositiveerde norme daarvan nie. Die abnormale – soos verdraaide feite of georkestreerde vrees – kan ’n mens nie bring by dit wat reg is volgens God se bedoeling nie. Sogenaamde vrywillige onderwerping van ’n slaaf aan dit wat sy eienaar voorskryf, maak slawerny buitendien nie reg en aanvaarbaar nie.

## 6~~5~~. Gevolgtrekking~~EVOLGTREKKING~~

Hoewel die vryheid van godsdiens en die vryheid van assosiasie meestal as basiese menseregte voorgehou word, mag dit nie veroorsaak dat nie ook erns gemaak word met die uitwys van die skending van ontiese menseregte deur totalitêre godsdienstige organisasies soos kultes nie. Kultelede moet daarop gewys word dat die kulteleier nie die hoogste gesag het nie, maar dat sy sienings en opdragte ’n positivering is van God se skeppingsorde en ontiese reg. Alles wat die kulteleiers verkondig, moet dus gemeet word aan dit wat God vir ons in sy Woord openbaar en staan daaraan ondergeskik.

Dit sal goed wees as in die wetlike positivering van die ontiese regte van die mens, weë gevind kan word om kultelede daartoe te bring om afstand te kry tussen hulle en hulle organisasie en leiers. So kan aan hulle die geleentheid gegee word om te waag om self en normaal oor die kulteleiers se beheer oor hulle te kan dink, asook om oor die miskenning van die regte en verantwoordelikhede wat God hulle gegee het te kan oordeel.

Hoewel erken moet word dat die reg in verskillende situasies verskillend kan lyk, bly dit wat reg is reg en kan dit nie vervang word met iets wat daarmee in stryd is nie. Wanneer die reg soos voorgehou deur die kultes geëvalueer word, moet altyd in ag geneem word dat reg met skynreg en onreg in die naam van reg vervang kan wees. Daar moet ook in die positivering van die reg van die normale na die abnormale gegaan word en nie omgekeerd nie. Kultelede moet besef dat hulle nie in 'n bedreigende wêreld geplaas is om op elitistiese wyse te oorleef nie, maar dat God ons roep om elkeen in hierdie wêreld dit te doen waarvoor Hy ons op aarde geplaas het.

## Bibliografie


ANON. 1993. Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom.

BOTHA, M. 1997. Praatjie op video opgeneem. Pretoria : KIES.

HASSAN, S. 1988. Combatting cult mind control. Rochester : Park Street Press.

JORDAAN, G.J.C. 1999. Is menseregte reg? *Die Kerkblad*, 102(3058):4-5, Apr. 21.

KLOMPEEN, D. 1993. Koresh's craziness: Are we immune to cults? *The Banner*, 128(25):12-14, Jul. 12.

KRUGER, J. 1999. Menseregte: Wat sê die grondwet? *Die Kerkblad*, 3058(102):12-14, Apr. 21.

LIFTON, R.J. 1961. Thought reform and the psychology of totalism: A study of "brainwashing" in China. London : Victor Gollanz.

MARTIN, W.J. 1980. The new cults. Ventura : Regal Books.

MARTIN, P.R. 1993. Cults proofing your kids. Grand Rapids : Zondervan.

NELMAPIUS, K. 1993. Kultusse: Godsdienstige gif vir kinders. *Rooi Rose*, 51(17):18-21, Aug. 25.

NOLTE, C. 1996. Die Scientology-Organisation – Gefahren, Ziele und Praktiken. Koln : Bundesverwaltungsamt.

SAUK
kyk SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

SKOTLAND. 1958 [1954]. Pursuers proof of Douglas Walsh versus the right honorable James Lathan Clyde M.P., P.C., as representing the Minister of Labor and National Service. (*In* Magnani, D. & Barrett, A. Dialogue with Jehovah's Witnesses. Clayton : Witness. p. 430-431.)

STOKER, H.G. (snr.) 1970. Die aard en die rol van die reg – 'n wysgerige besinning. Johannesburg : RAU.

STOKER, H.G. 1995. Die Jehovah-getuies: 'n Onchristelike kulte? Potchefstroom : PUCHO.

STOKER, H.G. 1998. Is the church a cult? *Sentinel*, 9802:1-8.

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE, TV2. 1994. Koinonia.

SWANEPOEL, M. 1991. Ma, jou kerk is nie goed genoeg nie. *Sarie*, 42(20):80-81, Apr. 17.

TUCKER, R.A. 1989. Another gospel: Alternative religions and the New Age Movement. Grand Rapids : Zondervan.

VORSTER, J.M. 1999. Religious rights in South Africa: an evaluation of the heritage and the future contribution of the Christian Reformed tradition. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 25(1):21-41, Jun.

WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1931. The Golden Age, Feb. 4. Brooklyn : s.n.

WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1934. The Golden Age, Des. 5. Brooklyn : s.n.
WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1952. Die Wagtoring, Feb. 1. Brooklyn : s.n.
WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1965. Ontwaak!, Aug. 22. Brooklyn : s.n.
WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1967. Qualified to be ministers. Brooklyn : s.n.
WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1982. Jy kan vir ewig in die paradys op aarde lewe. Brooklyn : s.n.
WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY. 1983. Die Wagtoring, Jan. 15. Brooklyn : s.n.
WTBTS
kyk WATCHTOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY

**Kernbegrippe:**

kulte
kultus
menseregte

**Key concepts:**

cult
human rights